430. E2.28.2.1



DIE SUID-AFRIKAAN

26 August 1991

F van zyl Slabbert

## BARSKYK

Demokrasie; Geregtigheid; Gelykwaardigheid. Die tong gly maklik oor hierdie groot dinge.

In die teenwoordigheid van 'n paar Civics staan Flaubert nou die dag in 'n plek met die eenvoudige naam Heavenly Valley. In die "ou tyd" (m.a.w. voor Feb-twee) was dit 'n kleurling woonbeurt aangrensend aan Soweto. Dit is nog steeds 'n kleurling woonbeurt aangrensend aan Soweto. Hulle is omring deur 'n klomp pikswart kleurlinge wat net Afrikaans praat. Die Civics neem hulle rond in Eldorado Park ten einde die Voorsitter van MK (Metropolitaanse Kamer) 'n beter begryp te gee van hoe om uitvoering te gee aan die doelstellings van MK, te wete : "die bedinging van 'n nie-rassige demokratiese plaaslike of metropolitaanse owerheidstruktuur, asook die verbetering van die lewenskwaliteit van die mense van Groter Soweto deur die opgradering van dienste, veral o.g.v. die skep van 'n gemeenskaplike belastingsbasis" - 'n bekvol in enige taal.

Heavenly Valley is 'n "transit camp" - dit is al die afgelope

20 jaar - 'n plek waar mense letterlik wag vir beter dae (nes die res van Suid-Afrika). 'n Agtien-twintig jaar jong vrou onderbreek haar politoer van 'n vloer van 'n enkelkamer wat sy elke nag met twaalf ander deel. Sy is ontstellend opgeruimd; verduidelik hoe dit sukkel met die dak wat lek en barste in die muur. "Die City Council (van Johannesburg) - wil-niks-doen-nie-want-die-mense-wil-nie-rent-betaal-nie-maar-die-mense-wil-nie-rent-betaal-nie-want-die-City- Council-wil-niks-doen-nie." Ons loop by 'n ry erg verstopte toilette verby, (die-City-wil-niks-doen-nie ens.) en een van die Civics sê die jong vrou het al vier kleintjies en hoe kan dit dan anders met twaalf in 'n kamer. Oorkant 'n drif staan 'n klompie varsgeboude huise; volgeverf en netjies. "Ons roep die plek Pop Corn City". Hoekom? "Met die tyd van die "tri-cameral" en "total strategy" wou hulle hearts en minds wen, toe bou hulle so vinnig 'n klomp huise dat elke vier dae "pop" een op".

Van Heavenly Halley na Race Course, 'n krotbuurt so 'n gemaklike stap van Kliptown stasie waar dié oggend ses mense sommerso op die trein doodgeskiet is. Wie? "Dissie Third Force" sê die mense van Race Course. 'n Spruit skei die plek van Chicken Farm, 'n suster krotbuurt in Soweto self. Beide begrens Freedom Square waar die Kliptown Charter destyds deur die "people" aanvaar is. "Ek was daar" sê die een ouerige Civic en kyk weg asof hy keer dat ons nie sy aangedane trots moet goedkoop maak nie. In die reëntyd styg die water en loop deur die huise van Race Course. Van die oudste, oorspronklike, armmoedige huise van die Witwatersrand staan daar in Race Course - hulle is almal volgepak

met mense. (Die-City-Council-wil-rent-hê-maar-hulle-doen-niks nie ens.)

Die Civics sê die Council en Management Committee moet padgee want hulle kom van Apartheid en het nie "legitimacy" nie. Die Council sê die Civics hou 'n paar vergaderings en dink hulle is "the people". "Dis maklik om te "mobiliseer vir boycott" nie so maklik om te "mobiliseer vir betaal nie". Waar gaan die services vandaan kom, wie gaan betaal?"

Nou is Flaubert die gas van die Stadsraad van Soweto self. Die burgersentrum, omhein en polisie bewaak, is waar hulle onthaal word met kos en toesprake. 'n Jong Swazi met 'n B.Sc en lid van die tegniese personeel praat met 'n sagte intense stem. "Maak nie saak wie gaan regeer nie, die dienste moet gelewer word en die mense sal daarvoor moet betaal. Dit gaan hierdie mense niks help as die Civics hulle opsweep net om van ons ontslae te raak en hulle is self nie bereid om verantwoordelikheid te aanvaar nie." Hulle neem Flaubert na 'n kragsentrale sodat die voorsitter van MK beter kan verstaan van voorsiening - dan vinnig verby enkelkwartier Hostels (waar die bakleiery was), skole, sportsstadium, publieke swembad ens.

Dieselfde patroon in Diepmeadow, Dobsonville en Alexandra. Die eenkant wys wat <u>nie</u> gedoen is nie, die ander wat <u>reeds</u> gedoen is. Albei kla oor wat <u>nog</u> gedoen moet word en hoe Wit en lekker die res van die Watersrand is. Dis 'n feit : jy betaal meer per eenheid van elektrisiteit in Soweto as in die Noordelike

Voorstede van Johannesubrg. Helen Suzman skakel goedkoper aan as Albertina Sisulu. Êrens is die feit nie heeltemal los te maak van hoekom die een betaal en die ander nie.

'n Week later is Flaubert na Wheelers Farm - 'n plakkery op pad Vereeniging toe. 'n Indiër doktor van Ennerdale wat Wheelers Farm bedien, sê die mense van lg. wil graag 'n skool klaarbou maar is nie seker of hulle verskuif gaan word nie - die Voorsitter van MK moet kom kyk. Dis by Wheelers Farm waar Barend Strydom, in 'n oefenslopie, twee arbitrêre swart vroue maak kniel en doodgeskiet het, voordat hy behoorlik by Hans Strydom se Monument in Pretoria losgebrand het. Die mense van Wheelers Farm is konserwatiewe, landelike mense - bang vir Soweto en die "crime". Hulle wil ook nie na Orange Farm verskuif word nie, ten spyte van wat "that big women Olga, said on TV the other night." Te veel skelms in Orange Farm sê die Civics van Wheelers Farm. (Hulle het nie een TV nie, maar hulle het Olga uitgecheck). ("Sy sal nie weer haar voet in Wheelers sit nie, ens.") Hulle wys die halfgeboude skool - drie klein klaskamers. Sê ook hulle het alreeds 'n paar miljoen Rand betaal in huur om in Wheelers Farm te bly maar is nie seker of hulle gevestig is nie. Geen dienste, riool, water, krag, word gelewer nie en om en by 13 000 siele vertoef hier. Die dokter neem Flaubert Orange Farm toe, so 15 km weg. Baie groter as Wheelers - 'n klomp perdestalle van die oorspronklike opstal dien as klaskamers van Orange Farm se skool; gestapelde bakstene is die skool banke. Verder redelik ge-orden en beplan - hier en daar 'n kraan voor 'n huis. Beide Wheelers en Orange val buite die gebied wat gedek word deur MK. Op

navraag blyk dit dat daar groot vestigingsplanne vir die gebied is, maar tot op hede is die plan om Wheelers Farm te verskuif. Dit lyk nie of die skool hier gaan klaarkom nie.

Terug by 'n sitting van die Kamer is 'n krisis aan die ontplooi. Die TPA (Transvaalse Provinsiale Administrasie), die Civics van CAST (Civic Associations of Southern Transvaal) en die Stadsrade van Soweto, Diepmeadow en Dobsonville, almal tesame deel van GSPP (Greater Soweto Principal Parties) is in doodloopstraat oor tariewe. Die GSPP is deel van MK maar lg. sluit ook in die Stadrade van Johannesburg, Roodepoort, Randburg en Sandton. Waarnemerstatus word gegee aan SS (Stedelike Stigting), SDR (Streek Dienste Raad), ASK (Afrikaanse Sakekamer), CC (Chamber of Commerce), Eskom ens. Die krisis is eenvoudig : daar is nie meer geld om te betaal vir dienste (veral krag) in Groter Soweto; dus dienste gaan ophou. Hoe kan MK lewenskwaliteit verbeter as die moet gebeur? Die TPA sê die mense moet ten minste iets betaal +- 20%; die Civics sê dus 'n strukturele probleem, dit help nie om te betaal as beter dienste nie gelewer kan word nie. Die krisis sleep voort.

Vroeer daardie oggend sit die Grondwet Sub-Komitee van MK. Vraag : Hoe kan oorgangsgeldigheid vir MK geskep en bestendigword? Antwoord : Hou interim verkiesings/referenda wat die onsekere status van Civics en Councils teen mekaar kan besleg. Vraag : Is daar'n beskikbare verteenwoordigende kieserslys? Antwoord : Nee. Vraag : Wie moet stemreg hê op 'n plaaslike metropolitaanse kieserslys? Antwoord : Dis mos eenvoudig.

Vraag : Is dit?

By 'n ete 'n paar dae later vra Flaubert aan Cyril, die nuwe hoofnoof van die ANC, dieselfde vraag. Hy sê : "Dit moet volwasse ratepayers wees." Vraag : Wat moet tel - residensie of burgerskap? Antwoord van Cyril (ietwat te vinnig) "Residensie". Vraag : M.a.w. trekarbeiders van Malawi, Mozambique, Zimbabwe, Zambia, Lesotho, Swaziland ens. moet kan stem? Cyril en Flaubert kyk mekaar stilswyend aan. Thabo sê : "Maar hierdie mense het dan ook help bou aan wat daar is." Flaubert dink aan waar hulle is : In Heavenly Valley, Wheelers Farm, Dobsonville, Diepmeadow. M.a.w. ons nooi die hele Afrika uit om te kom woon en stem in GSPP se kontrei? "Nee, sê Valli, "dis 'n moeilike saak hierdie. The problem is, who is a South African?" (M.a.w. burgerskap.) Suid-Afrika is 'n konsep op soek na 'n definisie. Flaubert spot sagtens, "As julle so aangaan, is julle uitgestem by die volgende verkiesing deur die mense aan wie julle stemreg gee, omdat julle nie die lewenskwaliteit kan verbeter nie."

Die Voorsitter van MK kyk die "deadlock" is sy oë en sê vir homself : "Demokrasie ! Hier gaan jou gat brand nog voor die son sak. Maar ons soek jou uit."

FLAUBERT, Die Barbaar.